KENNISGEWING VAN AANSOEK OM 'N PERMIT VIR BESKERMDE BOME, FLORA EN FAUNA EN FINALISERING VAN DIE OMGEWINGSBESTUURSPROGRAM (OBP) VIR DIE VOORGESTELDE KATHU FOTOVOLTAÏSE SONKRAG AANVULLINGS-AANLEG OP DIE PLAAS KATHU NR. 465, BINNE DIE GAMAGARA PLAASLIKE MUNISIPALITEIT, NOORD-KAAP PROVINSIE

Zutari (Edms) Bpk (Zutari) gee hiermee kennis ingevolge die Omgewingsimpakbepaling (OIB) Regulasies, 2014, kragtens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Nr. 107 van 1998) ("NEMA"), dat **Kathu Solar Park (RF) (Edms) Bpk** (KSP) aansoek doen vir die volgende vir die voorgestelde projek:

- Permitte vir die verwydering van beskermde bome, fauna en flora, ingevolge die Nasional Boswet, 1998 (Wet Nr. 94 van 1998 ("NFA") en provinsiale natuurbewaringswetgewing.
- Finalisering van die Omgewingsbestuursprogram (OBP) wat ingedien is as deel van die Basiese Impakbepalingsverslag wat op 3 September 2024 goedgekeur is, om Voorwaarde 15 van die Omgewingsmagtiging (OM) te bevredig.

Die aansoek ingevolge die NFA [aan die Department van Bosbou, Visserye en die Omgewing (DBVO), Bosafdeling] is vir die verwydering van 347 geïdentifiseerde beskermde bome (*Boscia albitrunca* Witgatbome en *Vachellia erioloba* Kameeldorings) binne die gemagtigde projekgebied. Die Geïntegreerde Permitaansoek aan die Noord-Kaap Department van Omgewing en Natuurbewaring is vir verwydering van die volgende beskermde spesies: *Aloe grandidentata*, *Dipcadi* sp. *Lampranthus stipulaceus*, *Sansevieria* sp. *Stapelia* sp. *Boscia albitrunca*, *Glaucidum perlatum*, *Plocepasser mahali* en *Motacilla capensis* in die goedgekeurde projekgebied.

## PROJEKAGTERGROND

Van 17 April 2025 tot 23 Mei 2025, is die volgende KSP-aansoeke beskikbaar gestel vir openbare kommentaar:


- Wysiging van Voorwaarde 16.1 van die Omgewingsmagtiging (OM) (Verwysing: **14/12/16/3/3/1/2985),** toegestaan op 3 September 2024.
- Finalisering van die Omgewingsbestuursprogram (OBP) wat ingedien is as deel van die Basiese Impakbepalingsproses om Voorwaarde 15 van die OM te bevredig.
- Permitte vir die verwydering van beskermde bome ingevolge die Nasional Boswet, 1998 (Wet Nr. 94 van 1998 ("NFA").

Die Departement van Bosbou, Visserye en Omgewing (DBVO) het egter aangedui dat die OBP slegs wettiglik gefinaliseer kan word ná die besluit oor die wysiging van die OM. Hierdie besluit is 28 Mei 2025 ontvang is. Gevolglik moes die aansoek om finalisering van die OBP teruggetrek word. Nou dat die besluit oor die OM-wysiging gefinaliseer is, is die OBP weer beskikbaar vir 'n nuwe rondte van openbare deelname.

Verder, as gevolg van die insluiting van 'n permit vir die verwydering van beskermde flora en fauna, word die aansoek vir die verwyderingspermit beskikbaar gestel vir openbare kommentaar in ooreenstemming met wetlike vereistes.

## LIGGING

Die voorgestelde Kathu FSA sal ongeveer 7 km noord-wes van Kathu op die plaas Kathu 465 binne die Gamagara Plaaslike Munisipaliteit in the Noord-Kaap Provinsie geleë wees (**Figuur 1**). Noord van die eiendom is die T25 grondpad wat die Nasionale Pad, N14, met Sesheng in die noorde verbind. Die terrein grens aan die Ouposplaas in die noord-ooste, die bestaande KGS-fasiliteit in die weste, die Kalahari Golf & Jag-ontwikkeling in die suide, en die Sishen vliegveld aan die suid-westelike kant.




**Figuur 1**: Kathu SPA Liggingskaart (blou buitelyn)

## GELEENTHEID OM DEEL TE NEEM

Vir meer inligting, om te registreer as 'n Belanghebbende en Geaffekteerde Party (B&GP), of kommentaar te lewer, kontak ons asseblief by:

| | |
|---|---|
| | PPP@zutari.com |
| | +27 12 427 2072 |
| | Posbus 74381, Lynnwood Ridge, 0040, Suid-Afrika |

**PUBLIEKE KOMMENTAARPERIODE: DONDERDAG, 26 JUNIE 2025 TOT MAANDAG, 28 JULIE 2025**
Die OBP-verslag en permitdokumentasie is beskikbaar vir aflaai by: **https://www.zutari.com/Kathu SPA-public-participation**
**'n Hardekopie is ook beskikbaar by die terrein kantoor van die bestaande KSP-aanleg.**